

KINDERWERKKAART –Matteüs 5:1-16

**Ons Koning kondig die wette van Sy
Koninkryk aan**



OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur **Matteus 5 :1-16** saam met jou kind(ers) in hierdie week.
- Lê by jou kind vas dat hierdie Jesus se eie woorde is en dat Hy vir Sy Koninkryk se wette aangekondig het wat ons lewens beter sal maak as ons dit nakom.
- Hy verduidelik presies hoe ons moet optree, waarom en wat ons belonging sal wees.
- Dit is nie altyd maklik om volgens Sy voorskrifte te lewe nie, want dit is nie wat die wêreld noodwendig doen of wat ons sien in die wêreld rondom ons nie.
- God wil hê dat ons 'n oorvloedige en gelukkige lewe in Sy koninkryk moet hê en daarom verduidelik Hy wat Hy van ons verwag.
- God sal ons seën as ons Sy wette getrou nakom en leef soos Hy wil hê ons moet leef.
- Eers as ons volgens God se voorskrifte lewe, is ons werklik die sout van die aarde en die lig vir die wereld.
- In die agt saligsprekinge word die besondere seëninge genoem wat deur ons geniet sal word wanneer ons lewens die Goddelike kenmerke weerspieël wat grondliggend in die Christendom is.

Sing saam Psalm 134: 4 – “Laat Heer u seën”

Laat, HEER, u seën op hul daal,

u guns uit Sion hul bestraal!

U wat beveel en – dit geskied,

wil, HEER, u seën oor hul gebied!

U kan gerus elke aand hierdie Psalm vir en saam met u kind sing wanneer u hulle in die bed sit of gaan nag sê.

PRAKTYKMAKING:

Bespreek met jou kind(ers) wat die woord "seën" beteken en hoekom ons graag geseënd wil wees. Daar is geen hoër doel om voor te lewe as om 'n gunsgenoot van die Here te wees en deur Hom salig verklaar en geseën te word nie.

Verduidelik aan hulle dat Jesus self verduidelik het hoe Sy kinders moet lewe. Hierdie is van die kenmerke van 'n Christuskind:

- Sagmoedig
 - Verduidelik aan jou kind, met praktiese voorbeelde wat die woord beteken
- Barmhartig
 - Verduidelik aan jou kind, met praktiese voorbeelde wat die woord beteken
- Rein van hart
 - Verduidelik aan jou kind, met praktiese voorbeelde wat dit beteken om rein van hart te wees
- Vredemakers
 - Verduidelik aan jou kind, met praktiese voorbeelde wat vredemakers doen
- Doen wat reg is, al beteken dit dat jy dalk vervolgd word (soos in lande soos Noord-Korea, Somalië, Irak, Sirië, Afganistan, die Soedan, Iran, Pakistan, Eritrea, Kenya en Nigerië.)
- Mense wat volgens God se voorskrifte lewe is ongelukkig nie altyd gewild nie en word soms gespot, beledig en beskinder omdat hulle die regte dinge doen.
 - Maar dis eintlik net omdat hulle die ander minderwaardig laat voel.
 - Dit maak nie saak wat ander mense van ons dink nie, net wat God van ons dink.
- Sout vir die aarde
 - verduidelik aan hulle dat sout kos lekkerder laat smaak, kos langer laat hou en baie kosbaar is vir ons – so maak Christene die wereld beter deur reg op te tree
- Lig vir die wereld
 - *verduidelik aan hulle dat ons almal lig nodig het om te kan sien waar ons gaan selfs plante het dit nodig om te groei.*
 - *Ook kan mens nie 'n lig in die donker wegsteek nie. En soos mens 'n lig gebruik om te kan sien waar jy gaan as dit donker is, netso wys ons die mense om ons wat die regte pad.*
 - *As jy 'n ware Christen is, sal almal dit kan sien in hoe jy optree, net soos mens 'n lig in die donker kan sien.*

Werkkaart vir peuters en kleuters (0-6 jaar) Die groter kinders kan dit ook doen as hulle wil.

Gesels lekker met jou kinders oor die onderwerp en maak die aktiwiteite pret en 'n spesiale geleentheid tussen jou en jou kind.

Help die maatjies om die vormpie uit te knip. Knip die wit hartjie in die binnekant ook uit sodat dit 'n gaatjie in die swart hart vorm.

Plak 'n sosatiestokkie of tandestokkie onder daaraan vas sodat hulle hom kan vashou aan die stokkie.

Wanneer jy jou kindjie in die bed sit, neem n flits saam en skakel die ligte af. Laat hulle die hartjie regop hou voor die muur en vra of hulle hom in die donker kan sien?

Skyn nou die flitslig daarop, dat dit n silhouette vorm met 'n lig hartjie in die middel.

Wys hulle ook ander silhouette vormpies wat hulle met hulle handjies kan maak.

Verduidelik aan hulle dat as dit nie vir die lig was nie, mens nie die mooi vormpies sou kon sien nie, net so moet ons die lig vir die wêreld wees om die mense rondom ons te wys hoe mooi en goed dit is om God se kind te wees.



Werkkaart vir kinders (6-9 jaar)

Verbind die kenmerke van 'n Christen (aan die linkerkant) met die regte betekenis (aan die regterkant)

SAGMOEDIG	Ek is hardkoppig en moeilik.
	Ek is vriendelik met ander en help graag waar ek kan.
BARMHARTIG	Ek help graag ander wat swaarkry.
	Ek hou alles wat ek het vir myself en ignoreer die wat nie het wat ek het nie.
REIN VAN HART	Ek maak asof ek van 'n maatjie hou, maar as sy nie by is nie dan skinder ek van haar en lag vir haar agteraf.
	Ek is vriendelik met almal en skinder nie agteraf nie, al hou ek nie noodwendig baie van iemand nie.
VREDEMAKERS	As my maats baklei probeer ek dit uitsorteer en help hulle om weer maats te wees.
	Ek baklei met my boetie en sussie en wil dan sommer nie met hulle praat of speel nie vir n lang ruk.

KOM ONS LEER NOU DIE SALIGSPREKINGE MET BEHULP VAN PRENTJIES

Hou die prentjies hieronder beurtelings toe en laat hulle jou sê wat onder jou hand is. Jy kan ook handgebare bysit om hulle te help om dit te onthou.

Plak dit teen die muur op of selfs agter die toiletdeur waar die hele gesin dit gereeld kan sien en aan herinner word.

Begin elke prentjie met: **GESEËND IS**

<p>DIE WAT TREUR</p> 	<p>WANT HULLE SAL VERTROOS WORD</p> 
<p>DIE SAGMOEDIGES</p> 	<p>WANT HULLE SAL DIE NUWE AARDE ONTVANG</p> 
<p>DIE WAT HONGER EN DORS NA WAT REG IS</p> 	<p>WANT HULLE SAL VERSADIG WORD</p>  <p>© Can Stock Photo</p>

DIE WAT BARMHARTIG IS



**WANT AAN HULLE SAL
BARMHARTIGHEID BEWYS WORD**



DIE WAT REIN VAN HART IS



WANT HULLE SAL GOD SIEN



DIE VREDEMAKERS



**WANT HULLE SAL KINDERS VAN GOD
GENOEM WORD**



**DIE WAT VERVOLG WORD OMDAT
HULLE DOEN WAT REG
IS**



**WANT AAN HULLE BEHOORT DIE
KONINKRYK VAN DIE HEMEL**



**IS JULLE WANNEER MENSE JULLE
TERWILLE VAN MY BELEDIG EN
VERVOLG EN VALSLIK AL WAT SLEG
IS VAN JULLE SÊ**



**WEES BLY EN VERHEUG WANT JULLE
LOON IS GROOT IN DIE HEMEL**

